




In grys

deur LOUISE BALLACK

Spring vinnig in en maak dié lekker maklike baadjie. Dit gaan beslis nuttig wees vir die paar koue oggende wat nog voorlê voor die winter heeltemal verby is

BENODIGHEDE: 2,5 m wolstof (150 cm breed); bypassende gare; 4 knope (1,5 cm to 2 cm in deursnee); 2 skouer-kussinkies; aanstryk-binnebelegsel.

MATE: Om borsmaat van 86 cm te pas.

NATREK VAN PATROON: Die patroon bestaan uit 7 dele, naamlik voorpant, agterpant, mou, agterpantbelegsel, voorpantbelegsel; sak en kraag. Naattoelating van 1,5 cm is ingesluit. Soomtoelating word op patroondele getoon.





UITKNIPAANWYSINGS: Vou materiaal met regte kante opmekaar en selfkant op selfkant. Knip papierpatroondele versigtig uit, speld dit vas op materiaal en knip soos volg uit: knip 1 agterpant uit met middelagter op vou geplaas; knip 2 voorpante uit (d.w.s. 1 keer uit dubbelgevoude materiaal); knip 2 moue uit; knip kraag 2 keer uit met middelagter op vou geplaas (2 dele); knip agterpantbelegsel een keer uit met middelagter op vou geplaas; knip 2 voorpantbelegsels uit; knip 2 sakke uit.

AANWYSINGS: Stik voorpante aan agterpant by skouer- en synate. Vou bokant van sak op voulyn na verkeerde kant toe en pars. Vou 'n naat van 1,5 cm na verkeerde kant toe op die oorblywende drie kante en pars. Speld sakke in posisie op die regte kant van die voorpante en stik. Stryk binnebelegsel aan een gedeelte van die kraag en aan voorpantbelegsel aanmekaar by skouernate. Speld kraagpant met binnebelegsel vas aan voor- en agterpantbelegsel en stik.

Speld die ander gedeelte van die kraag aan die baadjie vas. Stik belegsel en kraagpant aan die baadjie met regte kante opmekaar. Dra sorg dat die twee kraagpante presies op mekaar pas. Pars die nate om die hals oop en werk die halsnate van die belegsel en baadjie met die hand aanmekaar.

Stik mounate aanmekaar en ryg dan die gedeelte tussen die kepies in. Pas die mou in die mouopening en dra sorg dat al die kepies opmekaar pas, en stik vas. Werk die skouer-kussings in die skouer, maar sorg dat die belegsel los is. Werk nou die agter- en voorpantbelegsels met die hand by die mounate aanmekaar. Werk alle some met die hand in.

Maak knoopsgate in die regtervoorpant en werk knope aan die linkervoorpant vas. ●



BLAAI OM

'n Grys staatmaker

VAN BLADSY 93

BENODIGDHEDE: 450 g Pingouin Comfort vierdraad (50-g-bolle); breinaalde van 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 87-97 cm lossies te pas; ware grootte 110 cm; lengte vanaf skouer 103 cm; mounaat 50 cm.

SPANNING: 26 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= twee steke regs, twee steke aweregs); buis-st - buissteek (= elke ry oor ewe aantal steke, een steek regs, glip een steek aweregs); beg - begin; vlg - volgende; oorbl - oorblywende.

AGTERPANT: Stel 152 ste op en brei 4 rye buis-st.

Slaan oor na riffelsteek soos volg:

1e ry: R1, aw2, (r2, aw2) tot laaste st, eindig met r1.

2e ry: Aw1, r2, (aw2, r2) tot laaste st, eindig met aw1.

Brei 40 rye rif.

Slaan oor na ks, vermin 1 st aan weersk van elke 20e ry tot 130 ste oorbly, brei nog 20 rye reguit - 240_rye.*

Mousgatvorming: Heg 5 ste aan beg van vlg 2 rye af.

Vermin 1 st aan weersk van daaropvlg 5 alt rye, vermin daarna 1 st aan weersk van

elke 4e ry tot 96 ste oorbly.

Brei 12 rye reguit - 50 rye.

Hals- en skouervorming: 51e ry: R36, draai.

52e, 54e, 56e en 58e ry: Heg aan halsrand 4 ste af, aw tot einde.

53e en 55e ry: R tot einde.

Skouervorming: 57e en 59e ry: Heg 7 ste af, r tot einde.

60e ry: Heg oorbl 6 ste af.

Heg gare aan oorbl halsrand-ste af en heg 24 ste af, r tot einde.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Voltooi hals en skouer met omgekeerde vorming.

VOORPANT: Soos agterpant tot *.

Mousgatvorming: Heg 5 ste aan beg van vlg 2 rye af.

Vermin 1 st aan weersk van daaropvlg 6 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg 6 alt rye, 96 ste bly oor.

Brei reguit voort tot 38 rye na mousgatvorming voltooi is.

Halsvorming: 39e ry: R36, draai.

Heg aan halsrand in vlg aw-rye telkens 2 ste af tot 20 ste oorbly.

Begin by 57e ry met skouervorming en voltooi eerste skouer soos uiteengesit vir agterpant.

Heg gare aan oorbl ste vas en heg vlg 24 ste af, r tot einde.

Brei 1 ry aw en voltooi hals- en skouer met omgekeerde vorming.

MOUE (2): Stel 62 ste op en brei 40 rye rif.

Slaan oor na ks en vermeer 1 st aan weersk van elke 12e ry tot 84 ste in gebruik is, brei reguit tot 140 rye voltooi is.

Moukopvorming: Heg 5 ste aan beg van vlg 2 rye af.

Heg 2 ste aan beg van daaropvlg 6 rye af.

Vermin 1 st aan weersk van elke alt ry tot 30 ste oorbly.

Heg 2 ste aan beg van vlg 6 rye af, en heg dan oorbl 14 ste af - 48 rye.

AFWERKING: Werk een skouernaat toe.

Begin by oop skouer aan halsrand van voorpant en tel ste op soos volg: 27 ste afwaarts, 24 ste uit middelrand, 27 ste opwaarts tot skouernaat, 21 ste afwaarts, 24 ste uit middelrand van agterpant en 21 ste opwaarts tot 2e skouer - 144 ste altesaam. Brei 70 rye rif en heg rifsgewys af. Werk kraag- en skouernaat aaneen toe. Werk moue in mousgate, sorg dat vermeer- en verminderings ooreenstem. Stoom liggies, ook die riffelboord, rek dit effens uit vir pasvorm.

Indien verkies kan die baadjie langer gemaak word. Die trui kan, soos op die foto gesien, in 'n blouson-styl gedra word, of lank en los (die trui is lank genoeg om ook as rok te dra). ●

KlereKASkenades

MALIE KELLY

VAN BLADSY 16

ek twee keer soveel in 'n klerewinkel betaal het!"

"'n Mens kan gou moeg word vir jou klere," meen Malie. "Daarom moet jy eers basiese artikels aanskat en elke seisoen net iets byvoeg. 'n Eenvoudige romp kan byvoorbeeld met 'n nuwe bloes en anderskleurige sykouse opgekikker word."

Malie sê dat sy dol is op rompe en baadjies. Sy wissel haar skoene, kouse en bloese by dié artikels af om telkens 'n nuwe uitrusting te kry.

Hoewel Malie graag meng-en-pas, het sy ook 'n volledige uitrusting vir elke moontlike geleentheid in haar kas. Uit die aard van haar werk moet sy gereeld spesiale geleenthede bywoon. As dit nie die première van 'n nuwe rolprent is nie, is dit 'n promosie op 'n Saterdagoggend of 'n formele kaas-en-wynonthaal.

"Ek wil nie op die nippertjie rondhardloop om die regte paar skoene of 'n geskikte bloes te kry nie."

Nog 'n wenk wat Malie aan klerekasbeplanners gee, is: leer die regte mense ken. Malie het die afgelope paar jaar

byvoorbeeld 'n goeie leer-, juwelier- en handsakverskaffer leer ken. Só het sy leer van goeie gehalte gekoop en vir haar twee leerpakkies laat maak. Dié uitrustings het haar minder as R500 gekos.

Malie sê dat sy haar klerekas in drie kategorieë verdeel. Eerstens het sy informele klere wat sy tuis dra, dan werkklere (as sy byvoorbeeld opnames in die ateljee moet laat maak) en derdens formele uitrustings.

Belê in duursame, tydlose handsakke en skoene, doen Malie aan die hand. En toor met bykomstighede, soos krale, ooringe, armbande en gordels. Malie het 'n hele paar treffende gordels wat sy by haar klere afwissel.

Wanneer Malie wel klere koop, koop sy oordeelkundig. Sy beplan haar klerekas aan die begin van 'n seisoen en koop daarna net die allernodigste dinge.

"'n Mens moenie dat die mode jou te veel beïnvloed nie. Skaf klere aan wat by jou liggaamsbou en jou persoonlikheid pas, dan hoef jy nie elke jaar 'n splinternuwe klerekas op te bou nie." ●

AILEEN STEENEKAMP

VAN BLADSY 17

"Vir dagdrag verkies ek plathakskoene met dieselfde styl maar verskillende kleure. Saans dra ek hoëhak-hofskoene."

Haar gemiddelde klererekening beloop sowat R150 per maand. Soms moet sy iets nuuts vir 'n modesessie hê en dan steek sy haar hand dieper in die sak.

Aan die begin van 'n nuwe seisoen maak Aileen 'n lysie van wat sy nodig het. Dit help ook om soms somer- en winterklere te kombineer.

Aileen se geliefkoosde kleur is swart. Sy kombineer dit gewoonlik met wit of helder kleure.

"Jy moet jou kop gebruik wat klere betref," sê sy.

Aileen het vyftien treffende gordels in haar hangkas, en sy weet net hoe om 'n rok of 'n bloes met 'n gordel op te kikker.

Sy kan glad nie naaldwerk doen nie, maar brei graag. Die meeste breipatrone prakseer sy sommer self.

Hoewel Aileen baie van buisrompe en mini's hou, sê sy dié modes vleë haar nie. Sy dra eerder lang rompe en broeke.

"Al is ek 'n model, is my klere maak baie konserwatief," sê Aileen. ●